

# St. Isabella van Portugal

## 4 Julie

(1271—1336)

Prinses Isabella (oftewel Elisabet) van Aragon is op die ouderdom van twaalf in die huwelik gegee aan koning Denys van Portugal. Hulle het twee kinders gehad en Isabella het haar hoë posisie en rykdom gebruik om die armes van haar land op allerlei maniere by te staan. Sy staan ook bekend as die Vredemaker omdat sy altyd besig was om vrede te probeer bewerkstellig tussen die woelige faksies in die koninklike familie. Toe sy weduwee word verlaat sy die koninklike hof en kies sy 'n lewe van armoede en naastediens as lid van die derde-orde van St. Franciskus.

© Die Oratorium Uitgewery